

Predikante Pensioenfonds van die NGK in SA

De Langestraat 5
Bellville
7530


www.ppfkaapkerk.co.za

Tel: 0219577115
Faks: 086 524 7153
E-pos : pensioen@kaapkerk.co.za

Hoe gesond is jou finansies?

Aftreebeplanning hou baie meer in as om net te sorg dat jou pensioen in stand gehou word. Baie mense dink dat 'n pensioenfonds die antwoord is en kom te laat agter dat jou pensioenfonds nie genoeg voorsien het vir jou seisoen na aftrede nie.

Om gerieflik te kan aftree, moet al jou finansies van jongs af in 'n gesonde toestand wees. Dit beteken dat jy finansiële geletterd moet wees en al die aspekte van jou finansies behoorlik bestuur. Die skets hieronder beklemtoon dat finansiële gesondheid 'n holistiese benadering vereis. Die verskillende aspekte van jou finansies moet lewenslank goed bestuur word.



Ek gee 'n paar wenke deur ten opsigte van elkeen van bogenoemde aspekte van gesonde finansies:

Aftreevoorsiening: Dis logies dat jy jou lewenstandaard vandag moet verlaag om voldoende voorsiening te maak vir die jare na aftrede. Maar hoeveel voorsiening is genoeg? Ek gee die volgende geskatte berekening deur, om jou te help:

- 1.1 Bepaal in randwaarde hoeveel geld jy per jaar nodig gaan hê om van te lewe. Kyk na die waarde van jou huidige vergoedingspakket (onthou om die waarde van huisvesting in te sluit) en bereken tussen 70% en 80% hiervan. Dis waarskynlik genoeg om gerieflik van te leef na aftrede.

Kom ons neem as voorbeeld 'n predikant met die volgende vergoeding:

Traktement: R20 000 pm	R240 000
Bonus	R20 000
Vervoertoelaag	R80 000
Waarde van gratis pastorie	R120 000
Mediese bydrae van werkgewer	R42 000
Werkgewer bydraes vir groepversekering, werkloosheidsversekering, ongevalle versekering, ens	R2 000
Totaal:	R504 000

75% van R504 000 = **R378 000** per jaar. Die bedrag in huidige geldwaarde wat jy na aftrede nodig gaan hê.

- 1.2 Bepaal nou die kapitaal wat jy nodig gaan hê om bogenoemde bedrag te voorsien. Gebruik die volgende formule: $R378\,000 \times 100 \div 5 = \mathbf{R7\,560\,000}$ kapitaal benodig teen vandag se geldwaarde. (Die aanname van hierdie berekening is dat jy 5% van die kapitaal jaarliks onttrek om 'n pensioen te voorsien in 'n lewende annuïteit en dat die opbrengs van die belegging gelyk is aan inflasie plus 4%.) 'n Onttrekking van meer as 5% of maksimum 6%, hou 'n groot risiko in dat jou geld nie gaan hou as jy lank lewe nie.
- 1.3 Bepaal nou die huidige saldo van jou pensioenfonds, bv R2 000 000. Trek dit af van die bedrag by 1.2, bv $R7\,560\,000 - R2\,000\,000 = \mathbf{R5\,560\,000}$.

Hierdie benaderde berekening gee aan jou 'n idee van hoeveel geld jy ekstra moet voorsien om gerieflik te kan aftree. Baie mense skrik as hulle hierdie bedrag sien en besluit dan om niks te doen nie. So 'n besluit is teenproduktief. Elke bietjie wat jy ekstra kan opsy sit, sal help dat jy geriefliker aftree.

Hoe gesond is jou finansies? (Vervolg vanaf bladsy 1)

- 1.4 Die realiteit van die ander kant gesien is soos volg: Gestel daar is by aftrede kapitaal van R3 000 000 beskikbaar om in 'n Lewende Annuïteit te belê. 'n Verstandige onttrekking van 5% per jaar gee dan 'n pensioen van R150 000 per jaar. Dit is R12 500 per maand. Wanneer die dankoffer, medies en belasting afgetrek is, is die bedrag wat oorbly vir lewenskoste nie groot nie. Bykomende voorsiening vir aftrede is uiters noodsaaklik.
2. Behalwe vir aftreevoorsiening, behels 'n gesonde finansiële plan dat jy ook ander diskresionêre beleggings moet hê. Hierdie geld wat jy opsy sit, moet voorsien vir die onvoorsiene uitgawes of ander groot beplande uitgawes soos die aankoop van 'n motor, studies van jou kinders, ens. Maak seker jy sit genoeg opsy vir jou behoeftes sodat jy nie skuld hoef aan te gaan nie.
3. Skuld is die ondergang van menige finansiële plan. Maak 'n opname van alle geld wat jy skuld en besluit om geen nuwe skuld aan te gaan nie. Begin alle skuld dadelik terugbetaal. Begin met die skuld wat die meeste rente vra en eindig met dit wat die minste rente vra. Moenie nuwe skuld maak nie, behalwe miskien vir die koop van 'n eiendom.
4. Kyk na al jou inkomstebronne en beplan hoe jy dit kan vermeerder. Daar is dikwels geleenthede om 'n ekstra te verdien, veral as jy agterkom dat jou kapitaal te min is vir 'n gerieflike aftrede of as jy nie sonder skuld kan oorleef nie.
5. Dikwels kan jy min aan jou inkomste verander, maar jy het ten volle beheer oor jou uitgawes. Begroot behoorlik en hou by jou begroting. Navorsing wys dat mense wat begroot en hulle uitgawes beperk tot begrote items, in 'n baie gesonder finansiële posisie is. Beperk jou uitgawes tot die noodsaaklike.
6. Maak 'n opname van al jou vaste en ander bates. Beplan hoe hierdie bates jou kan help om 'n groter inkomste te kry, bv deur verhuring of verkoop van bates wat jy nie nodig het nie.
7. Versekering is deel van gesonde finansies. Maak seker dat jou lang- en korttermyn versekering aansluit by jou behoeftes. Moenie onderverser nie, maar ook nie oorverseker nie. Hoe ouer jy word en hoe minder verpligtinge jy het, hoe minder is jou behoefte bv aan lewensversekering.
8. Mediese voorsiening, veral na aftrede, is van groot belang. Maak seker dat jou mediese fonds aanpas by jou eie unieke behoeftes. Baie mense betaal te veel omdat hulle aan 'n te hoë opsie behoort. Het jy dit werklik nodig? Aan die ander kant beland mense in groot moeilikheid omdat hulle mediese fonds nie in al hulle behoeftes voorsien nie.

Jou finansiële gesondheid hang af van al bogenoemde sake. As een van hulle nie behoorlik aandag kry nie, bring dit die gesondheid van al jou finansies in gedrag.

Omdat finansiële beplanning vir die meeste mense ingewikkeld lyk, gee hulle min aandag daaraan en leef maar van dag tot dag. Om hierdie geneigdheid om niks te doen nie, te oorkom, vra 'n groter finansiële geletterdheid van mense. Ek wil jou daarom aanmoedig: raak finansiële meer geletterd deur baie daarvoor te lees en deur kenners te raadpleeg. Moet egter nie finansiële beplanners wat vir 'n kommissie werk, raadpleeg nie. Gebruik eerder iemand wat 'n uurlikse fooi vra om aan jou raad te gee – dis meer objektief. Dis die moeite werd om liewer 'n paar rand vir sulke advies te betaal as om lewenslank 'n produk te hê met hoë kommissies – dit kos baie meer.

En onthou die onderstaande wysheid:

“Dit gaan nie oor hoeveel geld jy maak nie, maar oor hoeveel geld jy vir jouself hou.”

- Ben van Dyk (NG Kerk in KwaZulu-Natal – Werkgewervertwoordiger) -

VERWISSELING VAN HOOFBEAMPTTE

Dit was vir my 'n groot voorreg om diensbaar te wees as Hoofbeampte van die PPF. Tydens die byna 10 jaar het die Fonds omgeskakel na die Vaste Bydrae bedeling. Hierdie groot verandering het gevolg kort nadat 'n nuwe beleggingskonsultant aangestel is.

Vir my as Hoofbeampte is die taak baie vergemaklik deur die Raad van Trusteats wat verantwoordelik is en aanspreeklikheid neem vir hulle besluite. Daarby was en is hier in die Pensioenkantoor personeel wat met ywer hulle beste gee vir ons lede. Ek het heerlik saamgewerk met Lourens Kotze, Gerhardt Steffen en Wilna Swart, en tans nog Stephanie van der Merwe, Elodie van der Walt en Kenny Raats. In dié persone het u uiters bekwame en toegewyde amptenare.

Baie dankie aan so baie pensioen-fondslede wat my bemoedig het met

boodskappe, oproepe, briewe, ens. Al kon ek nie almal beantwoord nie, was dit altyd kosbaar. Vir my was dit nogal treffend dat dikwels die mense met die kleinste pensioene, die grootste dankbaarheid toon.

Oor die volgende Hoofbeampte, Bossie Minnaar, kan die PPF baie dankbaar wees. Hy is 'n beskeie mens en knap administrateur. Hy voldoen aan elkeen van die voorgeskrewe vereistes vir 'n Hoofbeampte.

Die Hoofbeampte is ook Saakgelastigde van die Wes- en Suid-Kaap Sinode. Deur al die jare het hierdie Sinode volgehou dat hulle 'n leraar as Saakgelastigde en Hoofbeampte verkies. Die Here het aan Bossie die “verstand, hart en hand” gegee om hierdie dubbele rol op bekwame wyse

te kan beklee.

My innige dank aan die Here wat my geroep het, aan die kollegas vir hul lojale ondersteuning en dankie aan die PPF lede se vertroue.

Bossie, ek bid dat jy nog meer vreugde in hierdie deel van jou opdrag sal kry.

- Francois Cillié -



NUWE VERWIKKELINGE

PPF Webwerf

Die Pensioenkantoor (Stephanie en Elodie) het die afgelope tyd hard gewerk om 'n webwerf vir die PPF daar te stel. Eers het hulle 'n intensiewe driedag-kursus wat deur 'n PPF lid (Chris van Wyk – NGK Somerstrand) aangebied is, voltooi. Daarna is daar tree vir tree begin bou aan die webwerf.

Die voordele van die webwerf vir alle lede is onder andere die volgende:

- Toegang tot alle dokumentasie
- Een-stop toegang tot alle nuttige skakels insluitend Alexander Forbes Aanlyn
- Interessante leesstof rakende pensioenomgewing
- Publikasies van PPF binne bereik

Lede van die PPF word uitgenooi om die webwerf by www.ppfkaapkerk.co.za te besoek. Vir die Pensioenkantoor om 'n nog beter produk/diens daar te stel,

verlang ons graag kommentaar/terugvoer en insette van die lede af. Dit sal ons help om lede se behoeftes aan te spreek en ons kommunikasie te verbeter. Ons hoor graag van ons lede en dit sluit die pensioentrekkers in!

Dankie Stephanie en Elodie dat julle nog 'n droom binne die PPF 'n realiteit gemaak het.

Alexander Forbes Aanlyn (“Online”)

Die aktiewe lede het sedert 2008 elektronies toegang (Alexander Forbes Aanlyn) tot individuele fondswaardes wat maandeliks aangepas word. Nuttige hulpmiddels om lede te help met aftreebeplanning is ook daar beskikbaar.

Alexander Forbes het nou die aanlyndienste opgradeer en daar is verskeie funksies soos onder andere begrotings, besparingsprojeksies, annuïteitsburo, belasting, sakrekenaar, ens. bygevoeg.

Tans benut slegs 'n aantal lede die voordeel. Indien u nog nie geregistreer het nie, kontak **Elodie van der Walt (Pensioenkantoor)** by **021-957-7115** hiervoor.

PPF KONSULTANT



Theo van Wyk

In 2010 het die PPF vir Alexander Forbes Finansiële Dienste as konsultante van die PPF aangestel. As gevolg van interne personeelskuiwe is die huidige konsultant, Niel Gerrits oorgeplaas na Navorsing & Ontwikkeling binne die Groep. Theo van Wyk is intussen aangestel as opvolger vir Niel. Theo is goed onderleg met alle aspekte van Pensioenfondse. Hy is ook die Kantoorhoof by die Stellenbosch kantoor. Daar behoort geen onderbreking in die goeie konsultasiediens wat Alexander Forbes aan die PPF bied, te wees nie.

Spaar is die sleutel tot finansiële sekuriteit, maar as jy na Suid-Afrikaners se spaargewoontes – of gebrek daaraan kyk – lyk dit of die meeste mense dink dis 'n vierletterwoord

BELEGGINGSMODELLE

Die PPF se Lewensfasebeleggingsmodel, sowel as die Beleggingsmodel vir Lewende Annuïteite is met ingang 1 April 2012 aangepas om maandelikse eerder as jaarlikse skuiwe tussen die onderskeie portefeuljes te maak.

Volgens die jongste Finscope 2011-studie is daar 66% Suid-Afrikaners wat nie spaar nie. Dit is 22,7 miljoen mense.

AFTREE-SEMINARE VIR LEDE NABY AFTREDE

Alexander Forbes Finansiële Dienste het in die eerste semester reeds twee aftree-seminare (dieselfde inhoud) in verskillende sentra, aangebied vir lede wat naby aftrede is.

Sodra datums van verdere aftree-seminare vir 2012/2013 bekend word, sal ons lede dienoreenkomstig elektronies inlig.

Die Trustees ondersteun die inisiatief en moedig lede graag aan om dit, ten spyte van ver afstande na groter sentra, by te woon!

TRUSTEEVERKIESINGS

Twee Trusteeverkiegings het sedert Oktober 2011 plaasgevind en die volgende lede is verkies:

Verkose lid (deur lede verkies)

Aangewese lid (deur werkgewer aangewys)

Oos-Kaapland
KwaZulu-Natal


Ds Christo van Heerden
Ds Frans Klopper

Ds Danie Mouton
Ds Ben van Dyk

Ds Leon Venter (Wes- & Suid-Kaap) het bedank as verkose lid en die eerste sekundi (Ds Hans Steyn – Bybelmedia) is intussen opgeroep om te dien as Trustee-lid.

Die Trustees wil graag die geleentheid benut om dr Jan Viljoen, wat as Trustee-lid uittree, saam met ds Francois Cillié (uittreedende Hoofbeampte), te bedank vir hulle waardevolle insette en bydrae oor jare, tot voordeel van die aktiewe lede en pensioentrekkers.

DIE DAG TOE MY LEWE VERANDER HET



Rossouw en Betsie Badenhorst was leraarspaar van die NG Gemeente George-Tuinedal vanaf 1 Februarie 1985 tot en met sy heengaan op 18 November 2011. Hy is aan 'n massiewe bloeding op die brein oorlede. Hulle het drie kinders, Kobus (27), Izanne (25) en Lihan (23). Betsie is steeds werksaam by George Munisipaliteit.

Sondag, 13 November 2011

Daar was niks anders aan die Sondag nie. Alles was soos altyd: ek wat eerste wakker geword het, die rooibostee wat ek vir hom gemaak het, die klaarmaak en saamstap kerk toe. Die gemeensaamheid, die vrede en rustigheid van 'n lewe van 29 jaar saam. Ek het ouder gewoonte voor die dataprojektor ingeskuif en hy het konsistorie toe gegaan; 'n draai op die preekstoel gaan maak en toe, soos al die ander Sondae, by my kom staan. Ons het deur die voorlegging gewerk, oor ditjies en datjies gepraat. Daar was geen waarskuwing nie. Niks buitengewoons nie. Tydens die kindertyd was hy sy pittige self. "En nou gaan tannie Betsie vir julle elkeen 'n lekkertjie gee" was sy laaste woorde voordat hy omgedraai en die kansel opgegaan het.

Ek het vinnig agtergekom dat iets nie pluis is nie. Maar dit was asof my verstand dit nie wou erken nie. Hy het skielik onsamehangend begin praat, oor sy woorde gestruikel. Die roering in die gemeente het my laat besef dat ander dit ook agtergekom het. Hy moes dit ook besef het, want toe ek na my vriendin draai, het hy lank en intens na my gekyk. Toe gemeentelede hom na buite lei, het ek verstaan bly sit. Met my teenwoordigheid wou ek regmaak wat nou gebeur het. Die orde van die erediens herstel. Maar ek kon nie. "Ek moet seker maak dat hy by die dokter kom hierdie week", het ek nog gedink.

Hoe kon ek weet dat dit ons laaste saamstap kerk toe sou wees! 'n Ouderling het my in die diens kom roep en gesê ek moet saamkom hospitaal toe! Hulle is besig om hom gereed te kry vir teater. Hoe vinnig kan jou binneste doodgaan! Ek het hom eers weer op die teaterbed gesien: vir hom gesê ek is lief vir hom; hy het sy kop na my gedraai, maar die kyk in sy oë was weg

"Hy het bloeding op die brein," het die neurochirurg gesê. "Die volgende drie dae is kritiek."

En skielik is jy alleen. Bel jou kinders, jou familie, sy familie, kollegas, vriende. Na die eerste oproep wil jy breek, want die

werklikheid is nou in die woorde wat jy oordra. Jy huil. Die SMS'e reën op jou! Jy bid, maar sonder woorde. Jy's bitter bang. Jy huil. Eet al is jy nie honger nie. Reël by die werk. Die kinders moet maar huis toe kom. Jy staan verduisend eenkant en kyk na 'n toneelspel waarin jy een van die hoofspelers is.

Hy word 'n tweede keer teater toe geneem die volgende dag. Die bloeding op die brein is massief. Almal bid vir 'n wonderwerk, maar die Here kom haal my man, die pa van my 3 kinders en die dominee van Tuinedal-gemeente vyf dae later, die Vrydagnag, 18 November 2011. Sy gedenkdien vind plaas op Woensdag, 23 November 2011.

Die dae en maande daarna

Hoe kom 'n mens deur so 'n trauma? As ek nou terugkyk, weet ek dat die Here my en my kinders met Sy genade omvou het, dat die gebede, liefde en omgee van Sy kinders ons gedra het.

Ek is dankbaar dat:

- ek 'n werk het. So kon ek terwyl hy nog geleef het, sy inkomste aanvul. So kon ek ook gou my leë gedagtes met iets sinvol vul en het ek 'n rede gehad om elke oggend op te staan.
- ek geweet het waar al ons belangrike dokumente gebêre word en dat ek en hy seker gemaak het dat ek weet hoe om daarmee te handel;
- ek in staat is om elektroniese betalings te doen en dat ek ons begroting geken en kon hanteer het;
- ons testament op datum was, dat ek die inhoud daarvan geken het en dat ek geweet het wie ingevolge die testament aangewys is as eksekuteur van die boedel;
- ons voortdurend met mekaar kon praat oor die finansiële implikasies sou my

man aftree of moontlik te sterwe kom soos nou die geval was;

- ons reeds vroeg begin het om voorsiening te maak vir 'n eiendom en dat ek 'n huis naby my werk kon koop; en

- ek in staat was om ons ou motors met 'n betroubare een te vervang.

Vandag besef ek dat:

- ek nie sonder die hulp van 'n kundige professionele persoon deur die krisis sou kon werk nie;

- so 'n trauma tyd neem en dat jy nie ongeduldig en oorhaastig met jouself moet wees nie;

- die vriendelike, professionele persone by die Kantoor van die Pensioenfonds se advies en leiding net 'n telefoonoproep ver van onskatbare waarde is; en

- ek my verdere finansiële beplanning / besluite nie sonder die hulp van 'n betroubare finansiële adviseur sou kon doen nie.

Dit is nou 10 maande later en dit gaan goed met my (en my kinders). Die hartseer vang my nog in onbewaakte oomblikke. Maar ek kan met dankbaarheid verder lewe. Die lewe is mooi. Die Here is by my. Hy hou my vas.

Wat met my gebeur het, gebeur bykans elke dag ook op ander plekke en met ander. Wat vir my gewerk het en steeds werk, gaan nie noodwendig vir 'n ander werk nie. Maar miskien kan dit tog vir iemand in 'n soortgelyke situasie op 'n manier help om ook weer later voort te kan gaan.

- Betsie Badenhorst (George) -

PENSIOENTREKKER – MAKLIK?

Pensioenfonds! Vir hoeveel jare was dit nie vir my en Nilla – en seker maar vir almal van ons – ’n vae skim daar onder in die Kaap nie? Dit was soos veraf aangetroude familie. Ons het gehoor dat ds Roux of ds De Wit afgetree het en nou ’n pensioen van ’n hele R400 per maand ontvang! En later het ons gehoor dat dominees nou sowaar ’n pensioen van R1 000 per maand kry! Ja nee, om af te tree, is om niks te doen nie en R1 000 per maand te ontvang en skatryk te word!

En toe het die dag ook vir óns aangebreek. Aftreetyd. ’n Mens kon nie glo dat dié dag jou so skelm bekrui nie. Skielik het jy nie meer met ’n tjek van papier in jou hand gestaan nie, maar dit net per SMS met klokgelui op jou selfoon gehoor. Jy staan met die eerste pensioengeldjie daar voor jou op die skerm van die kitsbank. En dan tref dit jou. Daar is nie ’n motortoelaag by nie! En wat van die erfbelasting en munisipale dienste, die mediesefondsbydrae en die grasmaasjien wat aangekoop moet word vir die tuin? Meteens was aftree ’n klinkende werklikheid en het jy nuwe “familie” in die Pensioenkantoor leer ken. Ek was só bevoorreg om as lid van die Trustees hulle persoonlik te leer ken. Mense van vlees en bloed wat saam met die Trustees oor ons geldjies waak en geduldig na ons dom vrae luister. Skielik voel hulle nie soos veraf aangetroude familie nie, maar soos Oupa en Ouma toe ons klein was. Ons weet, soos Oupa en Ouma nooit ons verjaardag sou vergeet nie, sal hulle nooit pensioendag vergeet nie. Die 25^{ste} van elke maand het vir ons “All Pay-day” geword. En wanneer ons die klokgelui van die SMS hoor, sê ons dankie aan God vir Sy voorsiening en vir ons pensioenfondspersoneel.

Maar soos met elke voorreg is daar ook verpligtinge en nou is ek, soos die meeste van ons, in die gunstige posisie dat ek nog

iemand het om met een van die belangrikste verpligtinge, die uitgee van jou pensioengeld, te help. En wat sê sy? Haar eerste reaksie is die blydschap oor die stiptelike rondom die 25^{ste} van elke maand, of nog beter, dat die SMS selfs vroeër arriveer as die 25^{ste} op ’n naweeksdag val. Net een keer, ’n paar jaar gelede, was daar ’n rekenaarfoutjie. Dit was reg voor die skoolvakansie. Ons was met drie kleinkinders in ’n gastehuis en al wat deurkom, is die pensioen! Ons staan na die selfoon. Ons kyk of sy battery nie dalk pap is nie. Nadat al wat ’n pensioenaris is die Maandag die arme pensioenkantoor oorval het met telefoonoproepe, is ons vriendelik ingelig dat ’n mens maar ’n lugkussing moet inbou vir sulke geleentheid! Kyk, ons vroue is dankbaar vir ons mans se goeie versorging, maar van lugkussings weet ons nie so mooi nie! Nee, ons vertrou die Pensioenfonds só volkome dat die SMS dikwels eers deurkom wanneer ons al by die supermark, dokter of apteek (deesdae ons vernaamste inkopieplekke) parkeer het!

Om pensioenaris te wees, is nie elke dag maklik nie. Maar daar is soveel om voor dankbaar te wees. Daarvoor eer ons die Here en dank ons die Trustees van die Pensioenfonds en die personeel van die Pensioenkantoor wat ons oudag vir ons makliker maak.



Pierre & Nilla Jordaan (Witsand) -

JAN VILJOEN GROET

Om in die Raad van Trustees van die PPF te dien is nie net ’n groot verantwoordelikheid nie, maar bring ook baie plesier mee. Oor die meer as tien jaar wat dit my voorreg was, het ek nie net baie goeie vriende gemaak nie, maar kon ek ook deel in die lief en leed van ons aktiewe- en pensioentrekker lede.

Kyk, dat die ouens soms baie ernstig kan raak oor elke sent van hulle pensioengeldjies, is te verstane - tot so ’n mate dat ’n mens soms moes bontstaan om al die vrae te beantwoord.

Ds Francois Cillié, die huidige Hoofbeampte van die Fonds, tree ook hierdie jaar af - en wat ’n voorreg om die afgelope jare saam met hom en al die personeel te kon werk. Ek wil

graag vir alle lede die versekering gee dat hulle julle pensioenbelange met die grootste ywer, insig, deernis, kundigheid en begrip bestuur.

Ek groet julle met groot dankbaarheid vir die voorreg om deel van julle familie te kon wees. Ofskoon politieke, ekonomiese, beleggings- en dergelike verwickelinge die stand van julle pensioene noodwendig beïnvloed, laat ek julle met Psalm 46:11 waar die Here sê: "Bedaar en erken dat ek God is".

-Jan Viljoen (Uittredende Werkgewervertreterwoordiger: NGK Oos-Kaapland) -

PENSIOENTREKKERS EN HUL BESTAANSVERKLARINGS

Die Pensioenkantoor stuur elke jaar in Augustus Bestaansverklaringsvorme aan elk van die 420 pensioentrekkers en kwalifiserende gades om ooreenkomstig die Fondstreëls te bevestig dat hul wel nog lewe en kwalifiseer vir ’n maandelikse pensioen.

Na aanleiding van navrae oor die indiening al dan nie van die Bestaansverklarings het die Ouditkomitee dit met die ouditeur oopgeneem. Die ouditeur het egter

versoek dat die Bestaansverklarings steeds jaarliks aangevra word aangesien dit ’n goeie addisionele kontrole is tot die bevolkingsregister wat vanaf Binnelandse Sake verkry word.

Alle pensioentrekkers word aangemoedig om seker te maak dat hul voltooid Bestaansverklaringsvorme vir 2012 die Pensioenkantoor teen **10 Oktober 2012** bereik.

Humor

Uit die mond van Nico Nel:

- Ons ou skoolbus was so oud dat ons drie reserwes moes kies net om die ouens te vervang wat op die bus seerkry.

Wiskunde

Ek is goed daarmee om Wiskunde te verduidelik. Daar is 10 mense op die bus. Ses (6) klim af. Daar is dan vier (4) oor. Dan hou die bus weer stil en dan klim daar ses (6) af. Dan moet twee (2) mense weer terugklim op die bus sodat daar niemand oorbly nie!

Die Trustees het tydens hul vergadering van 16 Februarie 2012 besluit om ’n 4% verhoging, met ingang 1 Maart 2012, aan pensioentrekkers toe te staan.

NIE-DEELNAME VAN KWALIFISERENDE GEMEENTES

'n Ondersoek is 'n jaar of wat gelede geloods om te bepaal of al die gemeentes van die vier deelnemende sinodes (Oos-Kaapland / Noord-Kaapland / KwaZulu-Natal / Wes- en Suid-Kaap) waar predikante hetsy op permanente basis of as tentmaker aangestel is, lede van die PPF is. Skrywe in dié verband is waar van toepassing uitgestuur en die risiko's as sodanig is uitgewys.

Die konsultant van die PPF het die Trustees onlangs daarop gewys dat deelhebbers (gemeentes en instansies) wat nie die deelname vereistes van die Fonds nakom nie, die risiko loop van eise wat mag ontstaan in geval van individue wat nie risikodekking geniet wat met lidmaatskap van die Fonds gepaard gaan nie.

Daar is verder kennis geneem dat daar 'n risiko is dat die Ontvanger van

Inkomste die belastingstatus van die Fonds as goedgekeurde pensioenfonds kan onttrek, indien deelhebbers nie aan die verpligte deelname reëls van die Fonds gehoor gee nie.

Kerkrade, Ringe en Deelnemende Sinodes behoort binne die verband mekaar te ondersteun om toe te sien dat diegene wat kwalifiseer vir lidmaatskap en voordele van die PPF, wel toetree tot die Fonds!

VOORTSETTINGSOPSIE VAN LEWENSDEKKING MET AFTREDE

Aktiewe lede wat voor die ouderdom van 65 jaar met vervroegde pensioen aftree, kan die voortsettingsopsie op die Addisionele Groepversekering uitoefen. Die sterftedekking van R920 000 kan in stand gehou word teen 'n verlaagde premie van R132,00 per maand. Hierdie premie word jaarliks deur die Versekeraar aangepas.

Sterftedekking na ouderdom 65 jaar, sonder bewys van goeie gesondheid, kan ook by wyse van 'n gewone polis via u finansiële adviseur by die betrokke Versekeraar voortgesit word.

In beide gevalle kan u die Pensioenkantoor skakel indien u meer inligting hieroor benodig.

BENOEMING VAN BEGUNSTIGDES

Benewens by toetrede in die PPF, kry aktiewe lede jaarliks saam met die voordeelstate en trusteeverslag 'n benoemingsvorm om by te werk indien lede se omstandighede (afhanklikes se geboortes, sterftes, ens.) verander.

Met 'n onlangse opname het ons gevind dat daar 139 lede, bykans 23% van die aktiewe lede, is wat nie so 'n benoeming van begunstigdes voltooi en ingehandig het nie. Die nodige opvolgaksies is elektronies gedoen, met enkele lede wat positief in dié verband gereageer het.

Die benoemingsvorms dien as belangrike riglyn vir die verdeling van voordele by sterfte. Indien jy werklik omgee vir jou afhanklikes/begunstigdes behoort jy eerstens seker te maak dat die PPF wel 'n benoeming van jou het en tweedens dat dit op datum is en in lyn met jou huidige omstandighede is.

Indien onseker, praat met die Pensioenkantoor!

STERFTES: PENSIOENTREKKERS

Dr GFK Carstens

Studentebearbeiding, Stellenbosch, 04/04/2011

Ds MM Coetzee

NGK: Prins Albert, 01/08/2011

Ds J Esterhuizen

NGK: Gamkavallei, 08/11/2011

Ds PL La Grange

NGK: Queenstown - Tuine, 23/11/2011

Ds EC Nel

NGK: Die Vleie, 07/01/2012

Ds J Van der Lugt

NGK: Montagu, 22/03/2012

Ds LM Steenkamp

NGK: Bellville-Uitsig, 03/07/2012

Ds JvZ Pretorius

Hospitaal Leraar N1 Stad, 12/07/2012

Ds DB Pienaar

NGK: PE-Hoogland, 13/07/2012

Ds AJ Van Zijl

NGK: Diamantveld, 14/07/2012

Ds IDW Bosman

NGK: Despatch, 13/08/2012

AFTREDES

Ds IC Schutte

NGK: Strand-Noord, 30/11/2011

Ds DG Smit

NGK: Louisvale, 30/11/2011

Ds JS De Wet

Missie Japan, 31/12/2011

Ds NJ Bonthuys

NGK: Uppington-Blydeville, 31/12/2011

Ds JU Theron

NGK: Constantia, 31/01/2012

Ds L Van der Walt

NGK: Scottsburgh, 29/02/2012

Ds JSJ Swart

NGK: Cambridge, 29/02/2012

Dr RP Hough

NGK: De La Bat, 31/03/2012

Ds TS Smit

NGK: Durbanville-Bergsig, 30/04/2012

Ds SW Van Wyk

NGK: Kleinmond, 31/05/2012

Ds FJ Cillié

Saakgelastigde, 31/08/2012

Ds BA Nadel

NGK: Parow-Panorama, 31/08/2012

UITDIENSTREDINGS

Ds AT Reyneke

NGK: Goodwoodpark, 31/08/2011

Ds MFR Geyser

NGK: Marchand, 30/11/2011

Dr JJ Knoetze

NGK: Danielskuil, 31/12/2011

Ds IO Jannasch

NGK: Graaff-Reinet, 31/12/2011

Dr C Jones

NGK: Ceresvallei, 31/12/2011

Ds FP Louw

NGK: Philadelphia, 31/12/2011

Ds JP Jooste

NGK: Williston, 31/01/2012

Ds HJ Strydom

NGK: Kuilsrivier, 31/01/2012

Dr ZRA Strydom

NGK: Die Kruin - Newcastle, 31/01/2012

Ds AJ Le Roux

NGK: Suider-Strand, 30/04/2012

Ds BP Benade

NGK: Noorderharts, 30/04/2012

Ds AJ Liebenberg

NGK: Willowmore, 30/06/2012

Ds C Oberholster

NGK: Worcester-Audenberg, 31/07/2012

Ds PW Maritz

NGK: Uppington-Oos, 31/07/2012

STERFTES: AKTIEWE LEDE

Ds WJR Badenhorst

NGK: George-Tuinedal, 18/11/2011

Ds CF Strydom

NGK: Olifantshoek, 25/01/2012



SPAAR EN DIE KRAG VAN SAAMGESTELDE RENTE

Hoe vroeër, hoe beter. Hoekom? Aftrede is nie iets wat in jou laaste werkjaar of twee in 'n krisis moet ontlaas word nie. Dit is egter nooit te laat om jou sake rakende jou aftrede in orde te kry nie, omdat die tyd in jou lewe vir jou moet werk, pleks daarvan dat jy moet bly werk net om kop bo water te hou.

Baie mense glo hulle sal later in hul lewe baie meer kan spaar as al hul bates afbetaal is, of die kinders klaar geleer het. Hulle kan nooit die wonder van saamgestelde groei inhaal nie. Jy sal ook by mense hoor dat jou spaargeld in die laaste vyf jaar voor aftrede eintlik die meeste groei, maar wat hul nie sê nie of gerieflikheidshalwe vergeet, en dit is dat "dit wat daar is" die meeste groei. Dus – hoe langer jy kan spaar – hoe beter. Vroeë spaar is goed op die langtermyn.

Die wonder (krag) van saamgestelde

groei (rente) kan die verskil maak tussen 'n gemaklike aftrede of een waar jy elke maand behoorlik jou sente moet omdraai.

Wat is saamgestelde groei? Jy belê geld en dit verdien rente. Wanneer die belegging plus die rente ook rente verdien, word dit saamgestelde groei genoem. Dit is 'n kragtige proses wat tot groot welvaart kan lei.

Prakties gesproke – hoe kan saamgestelde groei vir jou werk?

Willem (20) belê R200 'n maand vir tien jaar en hou dan op. Hy verdien by 7% rente p.j. Op sy 30ste verjaarsdag is sy belegging R35 000 werd. Selfs as hy niks verder wegsit nie, sal die bedrag groei tot R400 000 teen ouderdom 65.

Susan (30) belê ook R200 'n maand. Sy verdien ook 7% rente 'n jaar, soos Willem. Sy hou egter aan om R200 p.m.

te belê vir die volgende 35 jaar, totdat sy 65 jaar is. Hoewel Susan 25 jaar langer as Willem gespaar het, sal sy net R360 000 hê met haar aftrede.

Wat leer ons hier uit?

Hoe vroeër jy begin, hoe harder sal saamgestelde groei vir jou werk.



ONGESKIKTHEIDSDEKKING PREMIES BO 60 JAAR VERVAL – MEER VIR AFTREEVOORDELE

Volgens die reëls van die PPF is die Normale Aftreedatum die laaste dag van die maand waarin 'n lid die ouderdom van 65 bereik. In die geval van lede wat 'n voordeel uit die Ongeskiktheidskema ontvang is hierdie Normale Aftreedatum, volgens die bepalings van die versekeringspolis, die laaste dag van die maand waarin sodanige lid die ouderdom van 60 bereik.

Bovermelde het gelei tot die vraag, maar wat word van die maandelikse bydrae bo ouderdom 60 jaar tot die Ongeskiktheidskema as ek nie meer vir ongeskiktheidsvoordele, maar wel vir aftreevoordele kwalifiseer as ek ongeskik sou raak.

Lede tussen 60 en 65 jaar kan gemoedsrus hê dat die ongeskiktheidspremies, in lyn met die reëls van die PPF, wat

aan die Versekeraar (tans R246,85) betaalbaar is, gestaak word, maar dat die bedrag as deel van die netto werkgewerbydrae as deel van die lid se fondswaarde by u aftreevoordele gevoeg word.

Voorstelle

Om die gehalte en inhoud van die jaarlikse Nuusbrief te verbeter wil ons u graag uitnooi met voorstelle van artikels wat u nog wil lees wat tans nie hier of in vorige uitgawes verskyn het nie. Ons hoor graag van u in dié verband.

GEMOEDSRUS OOR DIE BESTUUR VAN DIE PPF

Wanneer mense oor hulle pensioen wonder en praat, duik daar gewoonlik twee vrae op, naamlik:

Word my pensioenfonds goed bestuur?
en

Sal my pensioen voldoende wees wanneer ek aftree?

Sedert ek in Mei 2011 lid van die Raad van Trusteas van die PPF geword het en volle insae gekry het in die omvang en funksionering van die Fonds, het ek onder die indruk gekom van die besondere professionele- en deursigtige wyse waarop die Fonds bestuur word. Dit is ook duidelik dat daar baie moeite gedoen word om van die beste beskikbare kundigheid te betrek by die bestuur en besluitneming van die Fonds.

Die PPF is baie bevoorreg om 'n man van die kaliber van Mnr Jac Laubscher

(Hoofekonoom van Sanlam) as lid van die Trusteas en Beleggingskomitee aan boord te hê. Die ervaring, kundigheid en insig wat hy na die tafel bring, is van groot waarde. Beleggingsbesluite word na deeglike navorsing met groot omsigtigheid geneem. Verder vind daar 'n deurlopende monitering van beleggingsprestasies en evaluering van fondsbestuurders plaas. Kernwaardes soos die belang van die fondslede en verantwoordelike rentmeesterskap dien as sleutel in alle besluitneming.

Wat verder opval is die hoë vlak van verantwoordelikhedsin by die Trusteas. Die bywoningsyfer van die vergaderings is baie hoog terwyl Trusteas moeite doen om goed voor te berei ten einde ingeligte besluite te neem. Toerusting en opleiding van Trusteas bly ook nie agter nie. Alexander Forbes (die Fonds-konsultant) bied onder andere kwartaallikse "Hot Topics" seminare aan met die doel om Trusteas op die hoogte te hou

van verwickelinge in die aftreefondsbetrieding.

Die effektiwiteit van die personeel in die kantoor van die hoofbeampte is ook 'n vreugde. Die spoedeisendheid, akkuraatheid en sensitiwiteit waarmee navrae, uitbetalings en eise behartig word, lewer 'n groot bydrae tot die besondere kultuur van verantwoordbaarheid en goeie dienslewering wat kenmerkend van die PPF geword het.

Maar te midde van die gemoedsrus oor die stand en bestuur van die Fonds, is dit ook duidelik dat lede nie op die pensioenfonds alleen moet reken met die oog op aftreebeplanning nie. Dit sal wys wees om betyds ook ander addisionele aftreevoorsiening te maak. Veral die jonger lede moet so spoedig moontlik hiermee begin. - Charl Stander (Trustee lid)

ADVIES AAN LEDE

In 'n Vaste Bydrae Bedeling is dit 'n vereiste dat PPF-lede 'n finansiële adviseur moet hê. So het ons al in 2008 aan lede gekommunikeer. Dit gaan oor baie meer as net die koop van 'n produk by aftrede. Ja, dit gaan oor die bou van 'n langtermyn verhouding met iemand aan wie ek my fondswaarde vorentoe mee gaan vertrou. Iemand wat begrip het vir my en my omstandighede, my risikoprofiel kan bepaal, ens. en aanbevelings in my belang maak.

Die Trustees het al na die saak gekyk en daar was al 'n voorstel ter tafel dat die Fonds 'n ooreenkoms met 'n goeie finansiële dienste maatskappy sluit ten einde hierdie maatskappy se dienste aan lede voor te stel. Makliker gesê as gedaan. Watter maatskappy (PSG, Momentum, Alexander Forbes, Liberty, Sanlam, Ou Mutual, Futuregrowth en al die ander honderd) kies jy?

Dan het jy nog nie eens bepaal wie die onderskeie instansies se adviseurs is nie! Die Trustees het onlangs besluit om nie enige spesifieke maatskappy se dienste te bemark nie, maar eerder ondersoek in te stel oor hoe lede se finansiële geletterdheid aangespreek kan word. Die PPF se konsultante is versoek om by die volgende Trusteevergadering voorstelle te maak oor hoe lede ondersteun kan word om goeie advies te verkry, asook oor hoe die langtermyn holistiese finansiële gesondheid van lede (sien ook toepaslike berig op die voorblad van die Nuusbrief) bevorder kan word deur opleiding, inligtingstukke en inligtingsessies.

Vir 'n ysbreker of twee lees gerus ds Ben van Dyk se artikel "Hoe gesond is jou finansies?" asook die een oor "Spaar en die krag van saamgestelde rente".

UIT DIE PEN VAN DIE VOORSITTER

Francois Cillié was sedert 2003 Hoofbeampte van die Pensioenfonds waar hy dié verantwoordelikheid saam met sy werk as Saakgelastigde van die Sinode van die Wes-en Suid-Kaapland behartig het.

Francois het die kerk en die pensioenfonds-omgewing vanuit sy sterk punte, nl. goeie verhoudinge, deeglike administrasie en organisasie, gedien. Hy het deur sy voorbeeld en menswees getoon dat die sekulêre omgewing van koue syfers, beleggings, fondsbestuurders, pensioenfondstreëls, ensovoorts betekenis- en sinvol bestuur kan word deur mense wat mekaar moet verstaan, akkommodeer, na mekaar moet luister en voorts ook ruimte vir mekaar en uiteenlopende standpunte moet laat.

Miskien nog meer uitstaande en kenmerkend van Francois, is sy deurleefde, opregte beskeidenheid en eerlike belangstelling in dié wat in die kring staan waar hy gewerk en geleef het. Dié stempel het hy voorwaar afgedruk met sy nederige diens aan die kerk en die Koning van die kerk. Die begroning daarvan was 'n eenvoudige, liefdevolle verhouding met Jesus Christus.

'n Diepe fundering van die wonder om kind van God te wees en dit te laat gestalte kry in verantwoordelike Rentmeesterskap, was 'n integrale deel van Francois se bediening. As onderbou van sy teologiese uitgangspunte het hy nooit om verskoning gevra om dit te predik en te leef nie.

Ons gun vir Francois en Jeanne 'n heerlike tyd saam met hul kinders en kleinkinders. Francois sal vir seker sy energie nog in die kerklike of ander omgewings waar hy diens kan lewer, inploeg. Dit is deel van sy menswees!



Bossie (Andries Hendrik) Minnaar het op 1 September 2012 diens as Saakgelastigde van die NGK Wes-en Suid-Kaap aanvaar. Na sy teologiese studie op Stellenbosch was hy predikant in onder meer Maitland (1985), Velddrif (1987) en Franschoek (2003). Sedert September 2011 was hy ook waarnemend as PSD betrokke by die Argief op Stellenbosch. Met sy aanstelling as Saakgelastigde van die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland het hy ook die aanstelling as Hoofbeampte van die Pensioenfonds ontvang. Bossie is getroud met Karen. Hulle het twee seuns, Rossouw en Hugo.

In sy diens as predikant was Bossie betrokke by 'n verskeidenheid van kerklike, finansiële en ander kommissies en was hy onder meer ook verskeie jare lid van die Trustees van die Pensioenfonds. In die Franschoek gemeenskap is hy ook aktief betrokke by 'n verskeidenheid van gemeenskapsorganisasies. Sedert sy studentejare, maar ook in sy jare as predikant, het hy hom onderskei as 'n uitnemende administrateur wat met sy aandag aan detail, deeglikheid, goeie organisasie en nederige, harde, eerlike werk bereid is om die kerk te dien waar hy ook al van waarde kan wees. Sy vermoë om hom in te graawe in 'n bepaalde omgewing en 'n verskil aldaar te maak, het hy onder meer getoon in die onskatbare waarde wat hy in 'n kort rukkie tot die Argief toegevoeg het.

Die Pensioenfonds sien uit na 'n opwindende tydperk saam met 'n nuwe Hoofbeampte, wat vir seker met sy besondere gawes sy stempel sal laat. - Callie Visagie -



Hierdie Pensioen Nuusbrief word deur Simeka Konsultante & Aktuarisse geborg. Ons opregte dank aan Simeka Konsultante & Aktuarisse vir hul betrokkenheid en ondersteuning.

Simeka is by die "Principal Officers Association's Imbasa Yegolide Awards function" op 11 Junie 2012 aangewys as die "Actuarial Firm of the Year".

Dit is 'n unieke toekenning in die aftreefonds industrie en gee erkenning aan 'n maatskappy vir professionele voortreflikheid.